

Uittreksel uit 'n jeugroman: Jolene en die droombril

Hoofstuk 2: Die droombril

- 1 Toe Jolene na skool by die huis kom, gooi sy haar tas op haar bed neer.
- 2 “Ek haat Maandae!” gil Jolene.
- 3 Al die onderwysers het met haar baklei. Haar skoolrok was nie reg nie en haar huiswerk was nie gedoen nie. In die kar op pad huis toe het haar ma die heelyd gekla oor haar vuil kamer en die honde wat op die banke lê en ... en... en...
- 4 Toe Jolene met 'n opgeblaasde mond die vullisblik buitentoe dra, sien sy die goue sakkie wat onder die drom uitsteek. Binne-in die sakkie is 'n pienk plastiekbril. Jolene sit die bril op en skielik sien sy hoe die wêreld sou lyk as haar drome waar sou word. Sy loop na haar kamer toe...
- 5 Haar bed het hoë prinsesstorings. Daar is satynbeddegoed op haar bed. Sy loop op 'n spierwit mat kombuis toe. Sy draai die kraan oop. In plaas van water, kom koeldrank uit die kraan. Die yskas is propvol sjokolade, koeksisters en malvapoeding.
- 6 Sy stap sitkamer toe. Die honde lê op die banke en die TV is aan op haar gunsteling-tekenprentkanaal. Oral staan bakke *popcorn*, *tjips* en ander lekkernye rond.

Hoofstuk 3: Wat nou?

- 7 'n Paar uur later begin Jolene honger word. Niemand roep haar vir aandete nie. Daar's geen heerlike reuke wat uit die rigting van die kombuis die res van die huis vul nie. Nie 'n enkele reuk nie.
- 8 Sy begin haar ma soek, maar haar ma is nêrens te vinde nie. Jolene besef: Haar ma is nie in haar droom nie!
- 9 Die een vraag na die ander kom by haar op: “Wie gaan my skool toe vat? Wie gaan my klere was? Wie gaan vir my kos maak? Wie gaan vir my 'n storie lees net voordat ek gaan slaap?”
- 10 Jolene haal haar bril af...

Hardoplees: Jolene en die droombril

Rubriek

Vloeiend lees en pousering:	1	2	3	4	5
Stemtoon en stembuiging:	1	2	3	4	5
Beklemtone, hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15

/15

Koerantberig: Kat-astrofe eindig gelukkig

Katinka Moodley

- 1 **JOHANNESBURG-** Die verkeer het gister tot stilstand gekom in die middestad van Johannesburg. 'n Hawelose wyfiekat het besluit om haar pasgebore babakatties van 'n stormwaterpyp na 'n droër plek in 'n leë pakhuis oorkant die straat te dra.
- 2 Met een kattjie in haar bek het sy 'n gaping in die verkeer gekies en versigtig deur die verkeer gehardloop. Motors het tot stilstand gerem en ongeduldige motoriste moes maar net wag en verbaas toekyk hoe sy kalm terugkeer om nog 'n kleintjie oor die pad te help.
- 3 Nadat sy al haar kleintjies oor die pad gehelp het, het sy stert in die lug in die gebou verdwyn.
- 4 "Ek het 'n belangrike vergadering gemis, maar ag wat!" het Wikus Potgieter, 'n sakeman en diereliefhebber, gesê. "Ek het self twee katte by die huis. Ek hoop maar net dat mense ook so geduldig sal wees as my katte oor die pad hardloop."
- 5 Ongelukkig is almal nie diereliefhebbers nie. Mary Solomon, die eienares van 'n boetiek in die straat, het gereken dat rondloperkatte nou regtig 'n probleem in die stad word.
- 6 "As mense beter na hulle diere kyk, sal sulke goed nie gebur nie," het sy ongeduldig gesê.
- 7 Die DBV het intussen die kat en haar kleintjies kom haal en na 'n veilige plek geneem om versorg te word, totdat die kleintjies oud genoeg is om na goeie huise te gaan.

- 1 **Wie is die verslaggewer van die bostaande nuusberig?** /1
- 2 **Waar het hierdie gebeure plaasgevind?** /1
- 3 **Wat was die oorsaak dat die verkeer tot stilstand gekom het?** /1
- 4 **Hoe het Wikus Potgieter en Mary Solomon se houding teenoor katte verskil?** /1
- 5 **Watter karakter in hierdie koerantberig het die emosie van ongeduld getoon?** /1

Totaal: 5 /5

Mondeling: Toespraak

Hoe ons teenoor diere en troeteldiere moet optree.

Rubriek

Vloeiend praat, pousering, interessant en inhoud:	1	2	3	4	5
Stemtoon en stembuiging:	1	2	3	4	5
Beklemtoning, hoorbaarheid en uitspraak:	1	2	3	4	5

Totaal: 15 /15

GROOT TOTAAL: 20 /20

1 Kortverhaal: Waar kattermaai Katinka rond?

1 Katinka is Ansie se kat. Sy lê elke aand op 'n kussing op die stoel in Ansie se kamer. Katinka word soggens vroeg honger en dan maak sy vir Ansie wakker met haar koue snoet teen Ansie se neus! Maar nie vanoggend nie. "Waar is Katinka?" wonder sy.

2 Ansie staan op en gaan na haar boetie se kamer. "Pieter, weet jy waar Katinka is?"

3 Pieter is besig om sy tas te pak vir skool. "Nee, ek weet nie."

4 "Ek dink Kartinka is weg. Sal jy my help soek?" vra Ansie.

5 "Moenie *simpel* wees nie. Hoekom sal jou kat nou weg wees?" vra Pieter. "Sy slaap seker onder die bed. Gaan kyk daar!" Hy gooi sy tas oor sy skouer en gaan skool toe.

6 "Mamma, waar is Katinka?" vra Ansie.

7 "Ek weet nie," sê haar ma. Sy is besig om spek, eiers en tamaties in die pan te braai.

8 "Katinka het my nie kom wakker maak nie. Daar is ook nog kos in haar bak! Sal Mamma my asseblief help soek?" vra Ansie.

9 "Ek maak ontbyt," sê Mamma. "Sy sit seker in die boom in die agterplaas. Gaan kyk daar," sê haar ma.

10 "As niemand my dan wil help soek nie, gaan soek ek alleen na haar!"

11 Ansie begin oral soek. Katinka slaap nie onder die bed nie, sy is nie in die boom in die agterplaas nie, sy speel nie in die gras oorkant die straat nie. Sy is net mooi nêrens nie!

12 Mismoedig gaan sit Ansie by Mamma in die kombuis. "Ai, ek wonder waar sy kan wees. Ek het oral gesoek."

13 "Hoor daar!" roep Mamma en beduie na die kas onder die wasbak.

14 "Wat kan dit wees?" vra Ansie. Sy stap na die kas wat effens oop is...

15 "Mamma! Kom kyk!" roep Ansie. "Katinka het kleintjies!"

16 "Ek bel gou vir Pappa," sê Mamma. "Ek wonder wat hy gaan sê."

1.1 Lees paragraaf 1. Bespreek die ruimte. (1)

1.2 Hoekom maak Katinka vroeg soggens vir Ansie wakker? (1)

1.3 Noem slegs TWEE plekke waar Katinka na haar kat gesoek het. (2)

1.4 Wie is die hoofkarakter in hierdie storie? (1)

1.5 Reken jy Ansie was lief vir haar kat? Verskaf die rede vir jou antwoord. (1)

2 Fabel: Die leeu en die muis

1 Eendag, op 'n baie warm middag, lê 'n leeu in 'n donker grot en rus. Hy wil net aan die slaap raak toe 'n muis oor sy neus skarrel. Met 'n kwaai gebrom klap die leeu die muis teen die grond.

2 "Hoe durf jy my wakker maak?" brul hy. "Ek sal jou vermorsel."

3 "Ag, asseblief, asseblief, spaar my lewe," piep die verskrikte muis. "Ek beloof om jou eendag te help. Laat my tog net gaan."

4 "Dis baie snaaks," sê die leeu. "Hoe kan 'n pieperige muisie soos jy 'n groot, sterk leeu soos ek help?" Hy begin bulderend lag. Hy lag so baie dat hy sy poot oplig... en daar trek die muis!

5 'n Paar dae later jag die leeu in die woud. Hy dink nog so aan die prooi wat hy gaan vang, toe hy oor 'n tou struikel wat styf oor die paadjie gespan is. Oombliklik val 'n reuse-net op hom en verstrengel hom. So sterk soos hy is, kan hy nie loskom nie. Hoe meer hy worstel en rondrol om uit die net te kom, hoe stywer span die net.

6 Die leeu begin so hard brul dat selfs die diere buite die woud hom kan hoor. Een van hierdie diere is die muisie wat aan 'n koringkorrel knibbel. Dadelik los hy die koringkorrel en hardloop na die woud.

7 "O, magtige koning Leeu," piep hy, "lê net stil en ek sal jou help wegkom."

8 Teen hierdie tyd is die leeu al so moeg dat hy agteroor lê en net kyk hoe die muis deur die net se toue knaag. Hy kan dit skaars glo toe hy 'n rukkie later vry is.

9 "Jy het my lewe gered, Muisie," sê hy. "Ek sal nooit weer vir die beloftes van klein diertjies lag nie. Dit belowe ek jou."

- 2.1** **Waarom was die leeu kwaad vir die muis?** (1)
- 2.2** **By watter karakter tref ons dialog in paragraaf 2 aan?** (1)
- 2.3** **Noem slegs EEN rede waarom die bostaande leestuk 'n voorbeeld van 'n fabel is.** (1)
- 2.4** **Oor watter lelike karaktereienskap het die leeu in paragraaf 4 beskik.** (1)
- 2.5** **Hoe verskil die ruimte van paragrawe 1 en 5 van mekaar?** (2)
- 2.6** **Hoe hou paragrawe 3 en 8 met mekaar verband?** (1)

Totaal: 7

17

STAD RYK AAN BESIENSWAARDIGHEDE

DIE KASTEEL

TAFELBERG

ROBBEN-EILAND

DIE WATERFRONT

VELE WYNPLASE MET 'N RYK GESKIEDENIS

Kontak: Inligtingsburo
Telefoonnommer: 021 475 2680
Adres: Adderleystraat 24, Kaapstad
Webtuiste: inligting@kaap.co.za

Maak jou vakansie 'n fees!!!

- 3.1 Word 'n produk, 'n diens of onderskeie plekke wat ons kan besoek in die bostaande advertensie geadverteer? (1)
- 3.2 Wie is die teikenmark vir die bostaande advertensie? (1)
- 3.3 Waar kan ons meer omtrent die bostaande besienswaardighede uitvind? (2)
- 3.4 Noem slegs EEN besienswaardigheid wat ons kan besoek soos in die bostaande advertensie geadverteer. (1)
- Totaal: 5 /5

1	Die blou lug is 'n inplakboek	1
	waardeur ek ure lank kan blaai.	2
	Die wolkeprente wat ek soek,	3
	kom oor die berge aangewaaï.	4
2	Daar's prente van byna elke ding:	5
	'n motor, 'n vliegtuig en 'n trein,	6
	'n aap, 'n tier, 'n bok wat spring,	7
	'n walvis, 'n draak, 'n pikkewyn.	8
3	Voordat die son sy voordeur sluit	9
	sal hy daar op sy drumpel wag.	10
	My prente eers met sy kleure spuit –	11
	dan stil-stil wegsak in die nag.	12

J.F.Spies (uit Sonroepertjies)

4.1	Wie is die <u>digter</u> van “My inplakboek”?	(1)
4.2	Lees strofe 1. Wat sien die digter in die lug?	(1)
4.3	Watter woord in strofe 2 <u>rym</u> met “trein”?	(1)
4.4	Wat beteken: “Voordat die son sy voordeur sluit”?	(1)
4.5	Waarna verwys “sy drumpel” in versreël 10?	(1)
4.6	Wat verstaan jy onder versreël 11?	(1)
	Totaal: 6	/6

5 **Brief: Wat 'n verligting!!!**

Hoorlaan 4
Bredasdorp
4629
14 Junie 2021

Beste Herman

- 1 Wanneer skryf jy weer 'n keer vir my? Ek is nou moeg daarvoor dat ek die enigste een is wat skryf. Ag nee, sies man!
- 2 Ons het 'n heerlike naweek gehad! My pa wou gaan foto's neem in die Kruger-Wildtuin. Toe kon ek kies: Ek kon óf by die kamp bly en skaatsplank ry óf saam met my pa-hulle ry. Jy ken my pa: Hy stop vir elke ou klein voëltjie om af te neem, terwyl hy by die leeus, die olifante, de seebras en die kameelperde verby ry. Tien raaie wat ek verkies het om te doen! So, ek het die heeldag skaatsplank gery, geswem, *playstation* gespeel en gelees!
- 3 Net toe die dag op sy lekkerste was, skrik ek my boeglam! Ek het geswem en my gehoorstuk afgehaal en by my handdoek gelos. Toe ek uit die swembad kom, was my handdoek en gehoorstuk skoonveld. Jy kan net dink wat my pa sou sê! Net toe ek wou begin soek, klop een van die lewensredders my op die skouer en gee dit vir my. Hy was bang iemand trap daarop en het dit vir my gehou.
- 4 Skryf nou 'n slag ook vir my. Ek sien daarna uit om 'n brief van jou te ontvang.

Groete.

Hendrik

- | | | | |
|-----|--|-----|------------|
| 5.1 | Waar bly Hendrik? | (1) | |
| 5.2 | Aan wie is hierdie brief gerig? | (1) | |
| 5.3 | Lees paragraaf 3. Hoekom was Hendrik verlig? | (1) | |
| 5.4 | Wie is die <u>hoofkarakter</u> in hierdie brief? | (1) | |
| 5.5 | Waarom skryf Hendrik sy eie adres regs bo-aan die skryfblokblaaie? | (1) | |
| 5.6 | Wat beteken die onderstreepte sin 'n paragraaf 3? | (1) | |
| | Totaal: 6 | | /6 |
| | GROOT TOTAAL: 30 | | /30 |

Legende: Die mees gehate prinses

- 1 Die prinses van Griekeland was baie mooi. Sy het altyd gesê dat sy die mooiste in die land is. Tóg was sy die eensaamste en mees gehate persoon in die land. 1
2
- 2 Marina, 'n vriendin van die prinses, was nóg mooier as sy. Die prinses het haar voorgeneem dat sy sal sórg dat sy mooier is as haar vriendin. Sy het 'n mengsel aangemaak. Nadat haar vriendin hierdie mengsel gedrink het, sou sy vol plooië wees. 3
4
5
6
- 3 Die prinses het vir Marina genooi om by haar te kom kuier. Sy het ongemerk van hierdie mengsel by haar tee gevoeg. Marina het haar tee smaaklik gedrink. Binne enkele minute was sy vol plooië. Die prinses het begin lag. Nadat Marina wou weet hoekom sy lag, het sy haar meegedeel dat sy vol plooië was. Sy het vir haar gesê dat sy van die mengsel by haar tee gevoeg het. Marina was baie kwaad. “Jy sal dit nog berou!” het sy vir die prinses gesê. 7
8
9
10
11
12
- 4 Die storie het soos 'n veldbrand versprei. Al die vroue het die prinses gehaat en het hul vriendskapsbande met haar verbreek. 13
14
- 5 Die prinses het besef dat sy dwaas was deur skoonheid op hierdie manier na te jaag, want in hierdie proses het sy al haar vriendinne verloor. Sy het tot die gevolgtrekking gekom dat vriendskap belangriker is as skoonheid, maar ongelukkig het sy dit te laat besef. 15
16
17
18
- 1 **Gee die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord vir die onderstreepte woorde in reël 11.** (1)
- 2 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 4 en 5 in die teenwoordige tyd.** (1)
- 3 **Skryf die onderstreepte sin in reël 8 oor as 'n vraagsin.** (1)
- 4 **Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 3.** (1)
- 5 **Skryf slegs EEN byvoeglike naamwoord in reël 2 neer.** (1)
- 6 **Dui die onderwerp in die onderstreepte sin in reël 9 aan.** (1)
- 7 **Wat beteken die onderstreepte idiomatiese uitdrukking in reël 13?** (1)
- 8 **Skryf die bywoord van tyd in reël 1 neer.** (1)
- 9 **Skryf die onderstreepte sin in reëls 1 en 2 in die ontkennende vorm.** (1)
- 10 **Skryf die voorsetsel in reël 14 neer.** (1)
- 11 **Skryf die voorwerp in die onderstreepte sin in reël 8 neer.** (1)
- 12 **Skryf die uitroepsin in paragraaf 3 neer.** (1)
- 13 **Skryf die onderstreepte sin in reël 12 oor in die indirekte rede.** (1)
- 14 **Skryf die saamgestelde woord (sametelling) in reël 14 neer.** (1)
- 15 **Skryf die onderstreepte sin in reël 7 oor in die lydende vorm.** (1)
- Totaal: 15 /15

Vraestel 3**Skryf**

Skryf 'n beskrywende opstel van 100-120 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.

Die verwaarloosde huis. / Die tannie op die bankie in die park.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Beskrywende woorde en idiome:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en wordorde:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n fabel van 120-140 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe.

Leeu en Tier kyk wie die sterkste is. / Jakkals is maar net te slim vir Wolf!

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Karaktereienskappe, –ontwikkeling en morele les:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en dialoog:	1	2	3	4	5
Beplanning en paragrafering:	1	2	3	4	5

Totaal : 20 /20

EN

Skryf 'n vriendskaplike brief van 60-80 woorde oor die onderstaande onderwerp.

Vertel jou vriend/in van die ramspoedige naweek by jou neef-hulle.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en interessant:	1	2	3	4	5
Spel, taalgebruik en formaat:	1	2	3	4	5

Of

Skryf 'n nuusberig / koerantberig van 60-80 woorde oor EEN van die onderstaande.

Die dief is vasgetrek. / Brand saai verwoesting.

Rubriek

Onderwerpgebonde, inhoud en nuuswaardig:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, woordeskat en formaat:	1	2	3	4	5

Totaal: 10 /10

GROOT TOTAAL: 30 /30

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

- 1 Katinka Moodley is die verslaggewer. (1)
- 2 In die middestad van Johannesburg. (1)
- 3 Die verkeer het tot stilstand gekom, aangesien 'n hawelose wyfiekat haar kleintjies van 'n stormwaterpyp na 'n droër plek in 'n leë pakhuis oorkant die straat gedra het. (1)
- 4 Terwyl Wikus Potgieter katte liefgehad het en geduldig gewag het dat sy met haar kleintjies oor die straat moes stap, het Mary Solomon ongeduldig opgemerk dat rondloperkatte nou regtig 'n probleem in die stad geraak het. (1)
- 5 Mary Solomon het die emosie van ongeduld getoon. (1)

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

- 1 Waar kattermaai Kitinka rond?
- 1.1 Op 'n kussing op die stoel in Ansie se kamer. (1)
- 1.2 Aangesien sy honger is. (1)
- 1.3.1 Onder haar bed.
- 1.3.2 In die boom in die agterplaas.
- 1.3.3 In die gras oorkant die straat. **(slegs TWEE)** (2)
- 1.4 Ansie is die hoofkarakter. (1)
- 1.5 Ja, aangesien sy bekommerd oor haar kat was en oral na haar gesoek het. (1)
- 2 Die leeu en die muis
- 2.1 Aangesien die muis oor sy neus geskarrel het en hom sodoende wakker gemaak het. (1)
- 2.2 Ons tref dialoog by die leeu aan. (1)
- 2.3 Diere tree as karakters op. / Diere kan praat. / Die leeu beskik oor slegte karaktereienskappe. / Die "goeie" oorwin die "slegte". **(slegs EEN is aanvaarbaar)** (1)
- 2.4 Hy het op die muis neergekyk. / Hy het gedink dat hy beter as die muis is. **(slegs EEN is aanvaarbaar)** (1)
- 2.5.1 Paragraaf 1
In 'n donker grot.
- 2.5.2 Paragraaf 5
In die woud. (2)
- 2.6 Die muis het sy belofte nagekom. (1)

3 Stad ryk aan besienswaardighede

- 3.1 Verskeie plekke wat ons kan besoek. (1)
- 3.2 Potensiële vakansiegangers. (1)
- 3.3.1 By die inligtingsburo
- 3.3.2 Op die webtuiste (2)
- 3.4 Die kasteel / Tafelberg / Robben-eiland / Die waterfront /
Verskillende wynplase (**slegs EEN**) (1)

4 My inplakboek

- 4.1 J.F. Spies. (1)
- 4.2 Wolke (met verskillende vorms.) (1)
- 4.3 Pikkewyn (1)
- 4.4 Voordat die son ondergaan. (1)
- 4.5 Dit verwys na die horison. (1)
- 4.6 Die wolke neem 'n oranje-rooi kleur met sonsondergang aan. (1)

5 Wat 'n verligting!!

- 5.1 Hy bly in Bredasdorp. (1)
- 5.2 Die brief is aan Herman gerig. (1)
- 5.3 'n Lewensredder het sy handdoek en gehoorstuk vir hom gehou, want hy was bang
iemand trap daarop. Nadat hy dan ook uit die water gekom het, het hy dit vir hom
gegees. (1)
- 5.4 Hendrik. (1)
- 5.5 Sodat Herman kan weet waarheen hy die brief wat hy vir Hendrik gaan skryf, moet pos. (1)
- 5.6 Sy gehoorstuk en handdoek was weg. / Hy het dit nêrens gesien nie. (1)

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

- 1 Intensiewe vorm
Smookwaad (1)
- 2 Die teenwoordige tyd
Sy maak 'n mengsel aan. (1)
- 3 Die vraagsin
Het Marina haar tee smaaklik gedrink? (1)
- 4 Die verkleinwoord
Vriendin – vriendinnetjie (1)
- 5 Die byvoeglike naamwoord
Tóg was sy die eensaamste en mees gehate persoon in die land. (slegs EEN) (1)
- 6 Die onderwerp
Die prinses het begin lag. (1)
- 7 Die idiomatiese uitdrukking
Spoedig het almal van hierdie voorval te hore gekom. (1)
- 8 Die bywoord van tyd
Sy het altyd gesê dat sy die mooiste in die land is. (1)
- 9 Die ontkenende vorm
Sy het nooit gesê dat sy die mooiste in die land is nie. (1)
- 10 Die voorsetsel
Al die vroue het haar gehaat en hul vriendskapsbande met haar verbreek. (1)
- 11 Die voorwerp
Marina het haar tee smaaklik gedrink (1)
- 12 Die uitroepsin
“Jy sal dit nog berou!” het sy vir die prinses gesê. (1)
- 13 Die indirekte rede
Sy het vir die prinses gesê dat sy dit nog sal berou. (1)
- 14 Die saamgestelde woord
Al die vroue het haar gehaat en het hul vriendskapsbande met haar verbreek. (1)
- 15 Die lydende vorm
Marina is deur die prinses genooi om by haar te kom kuier. (1)

Totaal : 15

Naslaanbronne

November 2021

Vraestel 1

Afdeling A

Hardoplees

Uittreksel uit 'n jeugroman: Jolene en die droombril

Platinum Afrikaans Huistaal Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012

J.Biesenbach, A.Engelbrecht, C.Henning, A. le Roux, W.Louw, M.Mihai

J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy

Vraestel 1

Afdeling B

Luister en praat

Koerantberig: Kat-astrofe eindig gelukkig

Platinum Afrikaans Huistaal Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012

J.Biesenbach, A.Engelbrecht, C.Henning, A. le Roux, W.Louw, M.Mihai

J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

1 **Kortverhaal:** Waar kattermaai Katinka rond?

Platinum Afrikaans Huistaal Maskew Miller Longman ((Edms) Beperk, 2012

J.Biesenbach, A. Engelbrecht, C.Henning, A. le Roux, W.Louw, M.Mihai

J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy

2 **Fabel:** Die leeu en die muis

Almal Verstaan Afrikaans

Macmillan Suid-Afrika (Edms) Beperk, 2012

R.Ferreira, M. van den Heever

3 **Advertensie:** Stad ryk aan besienswaardighede

Eugene van der Westhuizen

3 **Gedig:** My inplakboek

Platinum Afrikaans Huistaal Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012

J.Biesenbach, A.Engelbrecht, C.Henning, A.le Roux, W.Louw, M.Mihai

J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy

5 **Brief:** Wat 'n verligting!

Platinum Afrikaans Huistaal Maskew Miller Longman (Edms) Beperk, 2012

J.Biesenbach, A.Engelbrecht, C.Henning, A. le Roux, W.Louw, M.Mihai

J. van Lill, R. van Oort, R. van Rooy

Vraestel 2

Afdeling B

Taal

Legende: Die mees gehate prinses

Eugene van der Westhuizen